


# MURATHO

July 2012



Legal translation

SATI at the Cape Town Book Fair

Book review

Translating poetry – 'Vrijheid' by Marion Bloem

# The South African Translators' Institute and its Council



## **Chairperson/Voorsitter**

Anne-Marie Beukes  
Tel: 011 559 2694  
Fax: 086 667 6100  
chair@translators.org.za



## **Vice-chair/Ondervoorsitter**

Johan Blaauw  
Tel: 018 299 4890  
Fax: 018 299 4462  
johan@translators.org.za



## **Council member/Raadslid**

Eleanor Cornelius  
Tel: 011 559 2694  
eleanor@translators.org.za



## **Council member/Raadslid**

Manzo Khulu  
Tel: 011 693 7237  
manzo@translators.org.za



## **Council member/Raadslid**

Helena Gavera  
Tel: 021 417 1137  
helena@translators.org.za



## **Executive director/Uitvoerende direkteur**

Marion Boers  
Tel: 011 803 2681  
Fax: 0866 199 133  
office@translators.org.za

## **SATI Committees**

### **Ethics Committee**

Wilna Liebenberg (chair)  
Annette Combrink  
Irene Dippenaar  
Manzo Khulu

### **Accreditation Committee**

Wannie Carstens  
Eleanor Cornelius  
Sonwabile Cotiyana  
Linda Hodgkinson  
Vuyelwa Miya  
Leonard Moloi  
Marietjie Nelson  
Thomas Ntuli  
Michelle Viljoen  
Johan Blaauw (SATI Council member)  
Marion Boers (SATI Executive Director)  
Beverley Boland (SATI Accreditation Officer) (chair)

### **Muratho Editorial Board**

Marion Boers (chair)  
Ilze Brüggemann  
Yvonne Malindi  
Sibulelo Msomi  
Grit Naidoo-Goedecke  
Adri Theron  
Lungile Zungu

## **The South African Translators' Institute**

### **Virtual Office**

c/o Marion Boers  
Tel: 011 803 2681  
Fax: 0866 199 133  
office@translators.org.za

### **Registrar**

Tel: 079 492 9359  
Fax: 086 511 4971  
registrar@translators.org.za

PO Box 1710  
2128 Rivonia

## **Chapter Chairpersons/Afdelingsvoorsitters**

### **Boland**

Gretha Aalbers  
Tel: 021 461 0486  
Fax: 021 462 6278  
aalbers@iafrica.com

Members who wish to re-establish the Gauteng, Kwa-Zulu-Natal or Interpreters Chapters should contact the SATI office. The same applies to anyone wishing to start a new chapter

The SATI constitution makes provision for members to form chapters if they wish 'to

be recognised as a distinct group on the grounds of their geographic proximity to one another or of a common interest that is acceptable to the Institute'. Chapters are formal structures of the Institute and operate in terms of a set of regulations approved by the members of the Institute. The intention of chapters is to offer members opportunities for networking and professional advancement, which can often be more readily achieved at a local rather than a national level.



### **SATI Web-site:**

<http://www.translators.org.za>  
(South African Translators' Institute)

### **FIT Web-site:**

<http://www.fit-ift.org>  
(International Federation of Translators)



**Journal of the South  
African Translators'  
Institute**

**Jenale ya Mokgatlo wa  
Bafetoledi ba Afrika  
Borwa**

**IPhephandaba loMbutho  
waBaguquli-lwimi  
boMzantsi Afrika**

Muratho is the Venda term for 'a bridge', the symbol of the communicative activity facilitated by language workers

Muratho ke lentse la Se Venda le bolelang "borokgo", e leng sesupo sa mosebetsi wa bohokanyi o hlophiswang ke basebeletsi ba puo

Igama elithi "Muratho" ligama lesiVenda elithetha ibhulorho, yona kuzekeliswa ngayo umsebenzi woqhagamshelaniso owenziwa ngabasebenzi ngeelwimi

Information on the name of the journal is given in English plus two other official languages on a rotational basis (in this issue Southern Sotho and Xhosa).

*Muratho* accepts articles in all the South African official languages, provided they are accompanied by an English summary.

**Published by** the South African Translators' Institute  
PO Box 1710  
Rivonia  
2128  
South Africa  
office@translators.org.za  
http://www.translators.org.za

**Editor:** Marion Boers  
Tel: 011 803 2681  
E-mail:  
publications@translators.org.za

This publication is subject to copyright and no material may be reproduced without the prior permission of the publisher

Views expressed are those of the authors and are not necessarily supported by the editor or publisher

Subscriptions: Contact the editor

ISSN: 1680-1938

Layout: Marion Boers



Volume 12 Number 1 July 2012

## CONTENTS

### LITERARY TRANSLATION / LITERÊRE VERTALING

- 3** Versindaba vertaal
- 5** Verslag van 'n vertaling
- 10** Call to play translators

### IN PRACTICE / IN DIE PRAKTYK

- 12** Translating figurative expressions
- 13** The spotlight on ... legal translation
- 18** Afrikaanse tegniese taalgebruik in die spervuur?
- 19** ANNA – nuwe hulpbron vir Afrikaans/Nederlandse vertalers

### REPORT-BACK / TERUGVOER

- 24** Language tops FET agenda
- 27** Snapshots from the 2012 AGM
- 28** SATI at the Cape Town Book Fair
- 29** In conversation with Michiel Heyns

### GENERAL / ALGEMEEN

- 2** Editor's notes
- 4** Citing a Tweet in an academic paper
- 5** Useful links
- 11** Translation competition 2012
- 22** SATI bursary-holders 2012

Cover photo: A street in the old village of Colonia, Uruguay. Photo by Reinoud Boers  
Other photos in this issue: Johan Blaauw, Beverley Boland, Wannie Carstens, Sibulelo Msomi



# Editor's Notes

I found this year's Cape Town Book Fair a grand occasion. There was some concern about the organisation, as for various reasons things kicked off very late, but in the end I think it was highly successful. Almost 10 000 people visited the Fair over three days, which is hardly a number to be sneezed at.

The hall seemed to have more space this year, which may have been a reflection of the fact that there were fewer exhibitors (admittedly some of the big names in publishing were missing, possibly as a result of their attending the International Publishers' Association congress earlier in the week), but made the experience more pleasant. The layout had also been changed, and instead of the stands all being in regular rows, there were clusters of stands with islands of space and venues for presentations and relaxing among them.

The innovation of offering exhibitors the opportunity to present events for free in the venues on the exhibition floor this year was a stroke of genius, to my mind. I think it opened up the Fair to smaller exhibitors, who would have struggled to afford to hire the upstairs rooms used for many of the presentations – it was certainly an important factor in SATI's decision to present an event. The upstairs rooms were still available and used for interesting events too, but the downstairs programme was full and stimulating and more varied than before. And holding your event on the exhibition floor meant you could attract passing traffic as well as those who had checked the programme and selected the events they wished to attend.

I wonder how many visitors were aware of the varied programme on offer. I was certainly impressed. Besides the book signings and launches and meetings with authors, there were workshops and seminars, discussions on education, politics, trends in publishing and career opportunities, and more. So although visitors may have attended because they thought they'd pick up some bargains, they were exposed to a great deal more!

SATI's event was very well received (see page 29 for a report). Annette Combrink and Michiel Heyns brought up some very

interesting points during their discussion and we are grateful for their participation.

I attended some other interesting presentations too, dealing with marketing and website design. These were presented by author Paula Wynne. Yes, she was promoting her books and her business, but her presentations offered lots of tips and tricks, which I hope I will be able to use to SATI's benefit.

Offering registered trade visitors special benefits, like free entry and parking, was a clever idea on the organisers' part. Much of the benefit to an event like the Book Fair comes from interacting with others in the trade and I am sure that was the reason for many SATI members attending. It was unfortunate that the trade-only period of the Fair coincided with our AGM; this was arranged before all the Fair details were available. None the less, we were represented during this period and our LAMP partners made sure they included us in the promotion and distribution of goody bags during the morning.

The LAMP (Alliance of Language and Media Practitioners, of which SATI is a founding member) stand at the Fair was attractive (see page 28) and I would like to thank the members who helped to man the stand over the three days of the Fair. The design idea of including an appropriate quote for each of the participants worked really well, with many passers-by stopping to read the quotes and then being drawn into further conversation ... thereby achieving our main aim of awareness-raising. In addition, Council and other members made contact with various exhibitors and raised the Institute's profile.

The decision to hold the Cape Town Book Fair only every second year makes it more exclusive and gives us a greater opportunity to make an impact. I hope the organisers will keep the features that were successful this year and I already look forward to making the Fair work for SATI in 2014!

Until next time

*Marion*

# Versindaba vertaal

**T**ed Hughes, wat van 1984 tot en met sy dood in 1998 die Britse hofdigter was, het die waarde van vertaalde gedigte hoog op prys gestel. Hy het nie net self die gedigte vertaal nie, maar het ook die tydskrif, *Modern Poetry in Translation* (MPT), in 1965 in die lewe geroep om gedigte uit soveel wêrelddele moontlik in Engels bekend te stel. Hierdie werk was nie net vir die buitelandse digters bedoel nie. In sy inleiding tot die MPT van 1982 skryf hy dat die digters besig was om: 'Unearthing from other languages what they cannot find in their own' (Weissbort 2007: 203). Hughes het 'n groot bewondering vir, onder andere, die Israelse digter Yehuda Amichai gehad en het klaarblyklik sy poësie inspirerend gevind – en dit danksy die vertaling van Amichai se gedigte in Engels. Die Amerikaanse digter en vertaler Ezra Pound maak die volgende uitspraak in verband met vertaalwerk: 'English literature lives on translations, it is fed by translations, every new exuberance, every new heaven is stimulated by translations, every allegedly great age is an age of translations beginning with Geoffrey Chaucer' (Kaminsky & Harris 2010: xvi). Chaucer was tussen 1369-1386 die aktiefste gewees en daar word al eeue lank deur middel van vertalings van sy werk gebruik gemaak.

*Waar staan vertaalde poësie vandag en hoe lyk die toekoms vir Afrikaanse poësie? Glad nie so sleg nie, voel Ilze Brüggemann.*

Afrikaans het egter nog nooit 'n groot rol in hierdie arena gespeel nie. Ilya Kaminsky noem byvoorbeeld in sy bloemlesing wel die feit dat Afrikaanse digkuns 'weerklinkend, roerend en geneeskragtig' is (Kaminsky & Harris 2010: xlvii), maar het nie 'n enkele Afrikaanse digter in sy bundel opgeneem nie.

Marlise Joubert en Louis Esterhuizen, wat 'n 'Versindabafees' tussen 2005-2009 gereël het, is besig om hierdie leemte te vul. Joubert en Esterhuizen het in 2010 die rigting van die Versindaba-webblad verander sodat die fokus nie meer op die fees val nie, maar om Afrikaanse digkuns wêreldwyd bekend te stel. Sodoende is hulle besig om 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Afrikaanse digkuns te maak. Nie net dit nie, maar soos die woord 'indaba' impliseer is dit 'n 'dig-debat' of bespreking waar elke plasing die moontlikheid bied om kommentaar te lewer. Charl-Pierre Naudé was byvoorbeeld nie tevrede met die vertaling van Ingrid Jonker se 'Bitterbessie dagbreek' wat uit *Black Butter-*



Artikel deur **Ilze Brüggemann**. Ilze is 'n geakkrediteerde lid van SAVI wat op 'n vryskutbasis as taalpraktisyn in KwaZulu-Natal werk. Haar vrye tyd word deesdae aan haar dogtertjie Leonie gewy, maar as sy kans kry geniet sy haar passie vir literatuur.

## Afrikaanse weergawe

Bitterbessie dagbreek  
bitterbessie son  
'n spieël het gebreek  
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad  
om daarlangs te draf  
oral draai die paadjies  
van sy woorde af

Dennebos herinnering  
dennebos vergeet  
het ek ook verdwaal  
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo  
kierang kierang my  
totdat ek bedroë  
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord  
antwoord hy alom  
bitterbessie dagbreek  
bitterbessie son

## Black Butterflies

Bitter-berry daybreak  
bitter-berry sun  
a mirror has broken  
between me and him

I try to find the highway  
perhaps to run away  
but everywhere the footpaths  
of his words lead me astray

Pinewood remember  
pinewood forget  
however much I lose my way  
I step on my regret

Parrot-coloured echo  
tricks me tricks me on  
until I turn beguiled  
to retrieve the mocking song

Echo gives no answer  
he answers everyone  
bitter-berry daybreak  
bitter-berry sun

## Charl-Pierre Naudé

Bitter fruit of daybreak  
bitter fruit of sun  
a mirror fell and broke  
between us and harm

When I seek the highway  
to guide my running there  
everywhere his word paths  
temp me from the glare

Pine copse remembered  
copse forgotten now  
even when I'm way off track  
I bump into my sorrow

Pied parrot echo  
fools me all the time  
tricked now tricked now  
utterly  
I tease back in kind

Echo is no answer  
he answers me and none  
bitter fruit of daybreak  
bitter fruit of sun

*“English literature lives on translations, it is fed by translations, every new exuberance, every new heave is stimulated by translations ...”*

*flies* (2007) aangehaal is nie, en het sy eie vertaling daarvan op die webblad geplaas.

Al hoe meer vertaalde gedigte kan op die oomblik op Versindaba gelees word – nie net weergawes van Afrikaans in Engels nie, maar ook in (en uit) onder andere Duits, Frans en Nederlands/Vlaams. Webtuistes soos Poetry International (<http://poetryinternationalweb.net/>) en SlipNet (<http://slipnet.co.za/>) bevat ook vertalings van Afrikaanse gedigte, maar op Versindaba lê die klem op Afrikaans en is die doelwit om hierdie digters aan die internasionale poësieliefhebber bekend te stel. Versindaba maak van ’n paneel vertalers gebruik, waaronder Charl JF Cilliers, Tony en Gisella Ulliyat, Michiel Heyns, Marcelle Olivier en Leon de Kock. Laasgenoemde het in 2000 SAVI se Toekenning vir Voortreflike Literêre Vertaling ontvang, so wie Michiel Heyns in 2009. Daar is ook digters wat self hulle digkuns vertaal, en dan verskyn daar weergawes van gedigte wat jare gelede al vertaal is, soos Elisabeth Eybers se vertalings van van haar eie gedigte.

Op ’n manier betree Afrikaans tans daardie ‘great age’ waarvan Pound melding maak. Afrikaanse digters kry hier ’n nuwe of ‘tweede’ asem wat buite die grense van ons land verstaan kan word. Soos Hughes destyds gesê het, ‘poetry is less and less a prisoner of its own language’ (Weissbort 2007: 199). Hy praat hier van ’n soort vryheid wat hy voorheen nie geken het nie want vertaling is eintlik ‘a need to communicate ... to find a shared humanity at the level of the heart’ (Weissbort 2007: 202) – en dit is waar Versindaba (<http://versindaba.co.za/translations/>) alle digters – Afrikaanssprekend al dan nie, ’n groot guns bewys. Hier vind ’n mens nie net ’n gedeelte ‘menslikheid’ nie, maar bied digters nuwe beelde en maniere om na die wêreld te kyk wat enige digter se digkuns sal veruim.

#### Bronnelys

<http://versindaba.co.za/translations/>

Kaminsky I & Harris S. 2010. *The CCCO Anthology of International Poetry*. HarperCollins Publishers, New York.

Krog A & Brink A. 2007. *Black Butterflies*. Human & Rousseau, Kaapstad.

Weissbort D. 2007. *Ted Hughes: Selected Translations*. Farrar, Straus & Girous, New York.

In this article Ilze Brüggemann considers the place of poetry in translation, especially as it relates to Afrikaans, and the projects that have seen far more translation of poetry taking place worldwide. Versindaba is one such project that is giving prominence to Afrikaans poetry and its translation.

## Citing a Tweet in an academic paper

As we all know, some information breaks first or only on Twitter and a good academic needs to be able to cite those sources. So, the MLA (Modern Language Association) has devised a standard format ([www.mla.org/style/handbook\\_faq/cite\\_a\\_tweet](http://www.mla.org/style/handbook_faq/cite_a_tweet)). Its form is:

Last Name First Name (User Name) “The tweet in its entirety.” Date, Time. Tweet.

It’s that simple, although it is curious that no URL is required, especially given the difficulty of Twitter search for anything not said in the past day or two.

Here’s a deeper look at the instructions: Begin the entry in the works-cited list with the author’s real name and, in parentheses, user name, if both are known and they differ. If only the user name is known, give it alone.

Next provide the entire text of the tweet in quotation marks, without changing the capitalization. Conclude the entry with the date and time of the message and the medium of publication (*Tweet*). For example:

Athar, Sohaib (ReallyVirtual). “Helicopter hovering above Abbottabad at 1AM (is a rare event).” 1 May 2011, 3:58 p.m. *Tweet*.

The date and time of a message on *Twitter* reflect the reader’s time zone. Readers in different time zones see different times and, possibly, dates on the same tweet. The date and time that were in effect for the writer of the tweet when it was transmitted are normally not known. The date and time on *Twitter* are thus only approximate guides to the timing of a tweet.

Adapted from Alexis Madrigal (<http://m.theatlantic.com/alexis-madrigal>) in *The Atlantic Mobile* (<http://m.theatlantic.com/technology/archive/2012/03/how-do-you-cite-a-tweet-in-an-academic-paper/253932/>), 2 March 2012. Accessed 4 March 2012

#### Useful links

Our sister organisations in LAMP:

- The Southern African Freelancers’ Association – [www.safrea.co.za](http://www.safrea.co.za)
- The Professional Editors’ Group (PEG) – [www.editors.org.za](http://www.editors.org.za)
- The Association of Southern African Indexers and Bibliographers (ASAIB) – [www.asaib.org.za](http://www.asaib.org.za)
- Writers’ Guild of South Africa (WGSA) – [www.writersguildsa.org](http://www.writersguildsa.org)

# Verslag van 'n vertaling

## Marion Bloem se gedig 'Vrijheid' uit Nederlands in Afrikaans

**T**oe ek in die media die aankondiging lees dat ANNA haar verskyning gemaak het, het ek onmiddellik en intuïtief geweet: 'Vir jou wil ek hê'. Maar sy het R999,95 gekos en ek het op geen manier 'n duisend rand in my sak gehad om op 'n boek uit te gee nie, al was dit hoe lywig en belangrik. Gelukkig verskyn daar toe 'n week of wat later op *LitNet* 'n vertaalkompetisie wat dit vir my moontlik sou maak om die boek verniet in die hande te kry.

'ANNA' is die afkorting vir Pharos Uitgewery se *Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands*. Dié afkorting is effe misleidend, want hierdie woordeboek bestaan nou juis nie uit twee komplementêre dele (A-N en N-A) nie. Weens die noue verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands is 'n nuwe woordeboek-model ontwikkel, die sogenaamde *amalgamasiemodel*. Verwante woorde uit die twee tale word *gesamentlik* behandel, wat 'n direkte vergelyking tussen die woorde moontlik maak. Ons het dus hier met 'n heel unieke soort woordeboek te make, gebaseer op 'n model wat ook vir ander verwante tale gebruik kan word.

In die eerste deel van hierdie artikel kyk ek na wáárom ek so graag dié spesifieke boek wou hê en wel vanuit 'n jare lange verbintenis met Nederlands. Ek het opnuut besef hoe bevoorreg ek was om ook meerdere kere die land self te besoek, ten einde hierdie kontak 'aan den lijve' te ervaar.

Die tweede deel van die artikel neem die vertaalproses van Marion Bloem se gedig strofe vir strofe onder oë. Hieruit blyk die duidelike verwantskap tussen Afrikaans en

*Watter uitdagings bied die vertaling van poësie aan? Selfs in die geval van twee oënskynlike nou verwante tale moet 'n mens baie versigtig wees*

Nederlands, maar in groter mate die talle verskille wat by so 'n vertaling in ag geneem moet word.

### 'n Lang verbintenis met Nederlands

Toe ek in 1970 aan die Hoërskool Calvinia gematrikuleer het, is Nederlandse tekste nog as deel van die vak Afrikaans gelees en ontleed. 'n Verhaal wat my nou nog bybly, is 'Kerstgeschenk' deur Top Naeff, uit die kortverhaalbundel *Bellen Blazen*. Hierdie eerste kennismaking het 'n mens voorberei vir die vak Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch, waar Nederlandse tekste intensief bestudeer is onder leiding van bekende dosente soos WEG Louw, JC Kannemeyer en Etienne Britz. In my MA oor die kortkortverhaal in Afrikaans (1978) het ek geen Nederlandse tekste betrek nie, maar dié kwalifikasie was wel 'n voorvereiste vir die 'Doctoraal in Algemene Literatuurwetenskap' wat ek tussen 1981 en 1982 aan die Rijksuniversiteit in Utrecht voltooi het.

Voordat ek in 1978 as junior dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die US begin klasgee het, het ek twee jaar lank by CF Albertyn Uitgewery op Stellenbosch gewerk. Ek het meegewerk aan die *Ensiklopedie van die Wêreld*, wat tot stand gekom het danksy samewerking met die

Jean Lombard, freelancer and winner of the *Pharos Groot Woordeboek: Afrikaans en Nederlands* in a poetry translation competition hosted by LitNet in 2011, gives us some insight into her motivation for entering the competition. Her love for Dutch started at school and grew as she lectured it at the University of Stellenbosch as well as in Namibia. She was able to travel to the Netherlands to complete her PhD (where she also did her MA) and was fortunate enough to attend a lecture given by Marion Bloem herself. She also shares some of the difficulties of translating Bloem's poem from Dutch into Afrikaans, as she wanted to give as close a translation as possible. This task was eased somewhat by the fact that the poem was written in free verse. In closing she expresses the dream of one day translating Maria Derموût's stories, though she might need an abridged dictionary for this as the Dutch of the Dutch East Indies differs slightly from the European Dutch spoken in the Netherlands.



Artikel deur **Jean Lombard**. Jean werk op 'n vryskutbasis as, onder andere, dosent en vertaler.

*“My werk as ‘intravertaler’ ... bring mee dat ek met talle woordeboeke werk: verklarende woordeboeke, tweetalige woordeboeke en sinoniem-woordeboeke.*

uitgewer van die Nederlandse *Winkler Prins*. Daar het ek my eerste vertalings van Nederlands na Afrikaans gedoen.

In 1984 het ek en my man doseerposte aan die destydse Akademie vir Tersiêre Onderwys in Windhoek aanvaar (later die Universiteit van Namibië). Ek kon my nuut ontdekte insigte vanuit Nederland met vrug toepas op sowel die Afrikaanse en Nederlandse tekste wat ek met die studente behandel het. Die doseer van Nederlandse gedigte en verhale aan Namibiese studente vir wie Nederlands (of Vlaams) ’n vierde of vyfde taal was, het vir my nuwe perspektiewe gebring op tekste wat binne ander kontekste eintlik al heel bekend was. Dit het my bewus gemaak van hoe belangrik die sosiaal-kulturele konteks vir die begrip van ’n teks is, en daarom ’n faktor wat ook deeglik ten opsigte van vertaling in ag geneem moet word.

Reeds vroeg tydens ons Namibiese verblyf het daar by my ’n belangstelling in die orale letterkunde van Suider-Afrika ontstaan, wat in 1999 tot ’n PhD oor waterslangverhale gelei het: mitologiese slange met ’n groot, blink lig of steen op die voorkop wat oor die wêreld heen in riviere, mere en oseane aangetref word. Die waterslangverhale wat in die Afrikaanse letterkunde hul neerslag gevind het, het meestal hul oorsprong in die reënmaak- en puberteitsrituele van die Khoekoen en die San gehad.

Die navorsing oor Suider-Afrikaanse verhale is uitgebrei tot ’n vergelykende studie. Nederlandse slangverhale is ook ingesluit, en wel verhale oor wonderbaarlike slange uit die Nederlands-Indiese literatuur. In die tweede helfte van 1999 kon ek danksy ’n beurs van die Nederlandse Taalunie weer ’n studietydperk in Nederland deurbring, dié keer om my PhD daar te voltooi.

Gedurende die eerste weke van hierdie verblyf het ek ’n lesing deur Marion Bloem in die Gemeentebiblioteek van Utrecht bygewoon. Dit het gehandel oor haar roman *Vaders van betekenis* (1989). Sy het ’n gedeelte voorgelees waarin ’n krokodil doodgemaak word, wat in dié teks ’n ‘kaaiman’ genoem word. Bloem het daarop gewys dat dit in Indonesië ’n alternatiewe naam vir ’n krokodil is. Sy het bygevoeg dat van al die skeldname wat die Nederlanders die inheemse bewoners van Nederlands-Indië toegevoeg het, hulle nie omgee het vir die naam ‘Kaaiman’ nie, omdat dit krag en sterkte verteenwoordig het.

In die antropologiese tekste wat ek vooraf in Windhoek geraadpleeg het, het dit geblyk dat ‘kaaiman’ ook ’n alternatiewe naam vir ‘waterslang’ is, spesifiek die Waterslang van

die Groot Gariep of Oranjerivier. Die Namas in die suide van Namibië noem ’n ander wonderbaarlike slang – die sogenaamde Veldslang – ‘Kai/aob’, wat letterlik vertaal ‘groot man’ beteken. Die Veldslang deel baie eienskappe met die Waterslang. Ek kon dus in my proefskrif verwys na Bloem se roman, en hoe ’n enkele woord soos ‘kaaiman’ interessante raakpunte oor drie kontinente heen – Europa, Asië en Afrika – illustreer.

In 2003 het ons gesin Namibië verlaat en ná ’n verblyf van twee jaar in Amerika na die Kaapstad-omgewing teruggekeer, waar ek vryskutwerk begin doen het. Sedert die begin van 2006 werk ek mee aan ’n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, die sogenaamde Direkte Vertaling. Die bedoeling met hierdie nuwe vertaling – wat vir 2016 beplan word – is om die oorspronklike Grieks of Hebreeus deegliker in ag te neem as wat met die 1983-vertaling die geval was. Die Nederlandse NBV (*De Nieuwe Bijbelvertaling*) van 2004 – ’n topverkoper in die gesekulariseerde Nederland – dien as ’n belangrike naslaanbron. Al die navorsing wat vir die Nederlandse publikasie gedoen is, is tot die Suider-Afrikaanse medewerkers se beskikking gestel. My werk as ‘intravertaler’, wat ’n Afrikaanse weergawe baie na aan die oorspronklike Grieks en Hebreeus tot ’n meer aanvaarbare Afrikaans moet ómskryf, bring mee dat ek met talle woordeboeke werk: verklarende woordeboeke, tweetalige woordeboeke en sinoniemwoordeboeke.

In 2008 het ek as kontrakdosent by Stellenbosch twee semesterkursusse Nederlands vir tweede- en derdejaargestudente aangebied. Ek het by albei jaargroepe begin met die bespreking van Daniel Hugo se vertalings van Herman de Coninck en Gerrit Komrij se Nederlandse gedigte in Afrikaans. Sy beskouings oor byvoorbeeld ‘valse vriende’ – identiese woorde of uitdrukkings met uiteenlopende betekenisse – het ons opgeskerp vir subtiele verskille tussen Afrikaans en Nederlands. Danksy hierdie doseerwerk, asook die Bybelvertaling, was ek in ’n geskikte werkmodus of -bui om die vertaling van Bloem se gedig ‘Vrijheid’ aan te durf.

### Die vertaalproses

Ek wou graag ’n ‘getroue’ vertaling doen, dit wil sê so na aan die brontaal as moontlik omdat dit die vertaling van ’n enkelgedig sou wees; die gedig is byvoorbeeld nie as deel van ’n hele bundel vertaal nie. Ek was nie van plan om die Afrikaanse weergawe te gebruik of misbruik om met allerlei nuutskoppings vorendag te kom nie. Ek is immers geen digter nie. My taak is vergemaklik deurdat

Bloem se gedig 'n vrye vers is, wat nie gevra het om die inagneming van allerlei rym- en metrumpatrone nie.

Die eerste uitdaging was om 'n goeie ekwivalent vir 'vrij zijn' te vind. Ek het die omslagtige 'om vry te wees' uitgeskakel, maar moes toe besluit of 'vry wees' een of twee woorde gaan wees. Die meer korrekte spelling is waarskynlik twee woorde (vgl. 'bly wees' en 'verras wees'), maar die AWS gee wel 'kindwees' as een woord aan. Na my oordeel impliseer 'vry wees' dat 'n mens soms vry kan wees en dan weer nie, terwyl 'vrywees' 'n meer durende toestand voorstel.

'n Tweede kwessie was die frase 'anders zijn en doen en anders/ laten' in strofe 2. 'Ander wees en doen' sou kon werk, maar wat doen jy dan met 'en anders laten'? Want in Afrikaans klink 'anders wees en doen en anders late' (of dan 'doen en anders laat') nie heeltemal reg nie. 'Doen en late(n)' is in sowel Afrikaans as Nederlands 'n vaste uitdrukking, met 'lewenswyse' as sinonieme betekenis in beide tale. Die Nederlandse frase in sy geheel werk met 'n woordspeling op 'doen en laten', met 'laten' wat as infinitief ook nog kan beteken 'dit wat jy nalaat om te doen'; dit wil sê 'laten' ook as werkwoord, 'n funksie wat 'late' in Afrikaans nie kan vervul nie.

Die Nederlandse frase dui op drie vorme van andersheid, naamlik 'anders zijn', 'anders doen' en 'anders laten', laasgenoemde in die sin van 'nie doen nie'. Die 'jy' is dus nogal ekstreem anders; vandaar 'andersheid' (as abstrakte s.nw.) in die Afrikaanse vertaling. Die 'anderster' doen en late is 'n poging om iets van die speelse toon weer te gee, in aansluiting by die kontrasterende patrone van paradoks en ironie wat deurgaans in die gedig voorkom.

Paradoks en ironie is in hierdie gedig nie so maklik te onderskei nie. Ek dink dit het te make met al die verskillende vorme wat 'vrywees' en 'vryheid' aanneem, met daarby nog die verskille tussen die 'ek' en 'jy' se ervarings. Ek sou die 'vrywees agter tralies' (strofe 2) as 'n voorbeeld van paradoks dui, terwyl die 'vrij bekijken' van byvoorbeeld die TV-skerm teenoor die deure wat teen gevare van buite gesluit moet word (strofe 4) eerder ironies is.

Hierdie soort interpretasies vir die vertaling van die gedig is uiters belangrik, want sonder 'n aanvoeling vir dié toonwisseling kan 'n mens nie die gedig in sy geheel behoorlik verstaan nie. 'n Bepaalde begrip of interpretasie van die betekenis(-se) van woorde binne die *geheelkonteks* van die gedig maak

dit vir jou moontlik om te onderskei tussen funksionele vertaalmoontlikhede en moontlikhede wat ná deeglike oorweging tog maar nie werk nie. Veral as dit kom by die vertaling van poësie is woordeboek-ekwivalente nie altyd werkbaar nie, omdat soveel ander moontlike betekenisassosiasies – soos opgeroep deur woordspeling, paradoks, ironie en beeldspraak (wo. metafore en simbole) – verreken moet word.

Nog 'n interessante idiomatiese uitdrukking is die frase 'door de dag vandaag' in strofe 3. Dit is 'n goeie voorbeeld hoe die begrip van 'n hele strofe in sekere sin bepalend is vir die vertaling van so 'n 'buitengewone' frase. 'n Letterlike vertaling van die strofe sou kon lui: 'As vrywees is die dag van môre/ strak te bepaal deur die dag vandag/ iets minder dag te laat wees'. 'n Parafrase was myns insiens nodig om veral van die 'vreemde' uitdrukking 'de dag vandaag' sin te maak; iets soos 'As vrywees is om die dag van môre strak te laat bepaal deur vandag minder dag te laat wees'. Ek bring dus danksy die parafrase 'om ... te bepaal' (my kursivering) in ter wille van groter duidelikheid.

Maar is die verlies van die woordspeling by 'deur die dag vandag' regtig nodig? Toe ek in 'n Nederlandse woordeboek die lemma 'vandaag' naslaan, is my vermoede dat ons hier met 'n vaste idiomatiese uitdrukking te doen het bevestig. 'Vandaag (aan) de dag' is inderdaad 'n uitdrukking wat beteken 'teenswoordig' of 'juis op hierdie dag'. My voorname om die ritmiese herhaling van 'dag' asook die beklemtoning van die huidige dag, in teenstelling tot 'die dag van môre', te behou, het 'vandag se dag' tot gevolg gehad.

Die term 'beeldscherm' in reël 2 van strofe 4 ('op het beeldscherm vrij bekijken') wou ek aanvanklik met 'TV-skerm' vertaal, maar besef toe dat daar ook ander soorte skerms bestaan (bv. van die rekenaar en die selfoon). Ek het 'vrij' met 'vryelik' vertaal, omdat 'vry bekyk' of 'vry kyk na' nie een vir my na 'n aanvaarbare moontlikheid geklink het nie. Ek het naamlik aangevoel dat 'n mens in Afrikaans met iets beters as die letterlike vertaling uit Nederlands vorendag sou kon kom.

'Kyk na' is vir my beter as 'bekijken', want volgens my 'bekyk' jy nie TV- of rekenaar-skerms in Afrikaans nie; jy sal eerder 'n huis of 'n mens bekyk, in die sin van 'krities bekyk'. 'Kyk na' is meer neutraal en daarom meer toepaslik vir 'n TV-kykery of rekenaar-speletjies. Die ironiese kontras word sterker beklemtoon wanneer 'vryelik kyk na' – dit wil sê vir ontspanning of vermaak – gestel word teenoor gevare wat uit die onmiddellike omgewing geweer moet word. Hoewel rit-

*“Hierdie soort interpretasies vir die vertaling van die gedig is uiters belangrik, want sonder 'n aanvoeling vir dié toonwisseling kan 'n mens nie die gedig in sy geheel behoorlik verstaan nie.”*

miese oorwegings by 'n vrye vers soos 'Vrijheid' nie 'n prioriteit is nie, is die 'e' in 'vryelik' my poging om te vergoed vir die verlies van die Nederlandse herhaling van die 'e'-klank in 'vrij be-kij-ken' (my kursivering).

In die geval van 'de anderen' en 'de kranten' (onderskeidelik in strofes 5 en 6) het ek in beide gevalle die 'de' ter wille van ritmiese oorwegings weggelaat ten einde die hoof-

klem op 'tóng' en 'koe-rán -te' in die Afrikaans te behou. Op grond van die twee voorbeelde wil dit voorkom of die Nederlandse 'de anderen' en 'de kranten' 'n meer algemene betekenisassosiasie het as die Afrikaanse ekwivalente van 'die ander' en 'die koerante'; die 'die' in Afrikaans is dus meer spesifiek as die 'de' in Nederlands en kan daarom by die vertaling weggelaat word wanneer daar 'n algemene aanduiding van

*As vryheid vir  
my vandag so  
Vanself-  
sprekend lyk,  
en jy nie  
weet wat dít  
beteken nie*

*Dan is vryheid  
munt vir my  
en kopaf vir jou  
Dan is vryheid  
lug en  
willekeurig*

### Vrijheid

Als vrij zijn is: hou jij je mond  
want ik heb iets te zeggen

Als vrij zijn is: jij achter tralies, want  
dan hoeven wij niet bang te zijn  
voor al jouw anders zijn en doen en anders  
laten

Als vrij zijn is: de dag van morgen  
strak bepalen door de dag vandaag  
iets minder dag te laten zijn

Als vrij zijn is: de deuren sluiten  
en op het beeldscherm vrij bekijken  
wat veilig uit de buurt moet zijn

Als vrij zijn is: steeds rustig slapen  
omdat de anderen hun tong moedwillig  
is ontnomen

Als vrij zijn is: eten wat en wanneer je wilt  
maar de schillen laten vallen in de kranten  
waar de honger wordt verzwegen

Als vrij zijn is: niet hoeven weten wat mij  
heeft vrijgemaakt, mij vrij houdt, mij  
in vrijheid elke dag gevangen neemt

Als vrijheid is: wachten tot de ander  
mij bevrijdt van angsten waar ik  
heilig op vertrouw

Als vrijheid mijn gedachten pleistert  
Als vrijheid om mij heen overall rondom  
en in mij waait,  
maar voor jou niet is te vangen

Als vrijheid mij beschermt  
tegen jouw ideeën die voor mij te  
anders zijn

Als vrijheid voor mij vandaag zo  
vanzelfsprekend lijkt, en jij niet  
weet wat dat betekent

Dan is vrijheid munt voor mij  
en kop eraf voor jou  
Dan is vrijheid lucht en willekeurig

Maar staat het mij misschien wel vrij  
om iets van mijn riante vrijheid – met  
wederzijds goedgevonden natuurlijk –  
tijdelijk of voor langere duur  
af te staan om jou  
van mijn verstikkende vrijheid  
te bevrijden

### Vryheid

As vrywees is: hou jy jou mond  
want ek het iets te sê

As vrywees is: jy agter tralies, want  
dan hoef ons nie bang te wees  
vir al jou andersheid en anderster doen en  
late nie

As vrywees is: om die dag van môre  
strak te bepaal deur vandag se dag  
iets minder dag te laat wees

As vrywees is: die deure sluit  
en op die beeldskerm vryelik kyk na  
wat veilig uit die buurt moet wees

As vrywees is: steeds rustig slaap  
omdat ander se tong hul kwaadwillig  
ontneem is

As vrywees is: eet wat en wanneer jy wil  
maar die skille laat val in koerante  
waar die honger verswyg word

As vrywees is: nie hoef te weet wat my  
vrygemaak het, my vry hou, my  
in vryheid elke dag gevange neem nie

As vryheid is: wag tot die ander  
my bevry van angste waarop ek  
heilig vertrou

As vryheid my gedagtes pleister  
As vryheid om my heen oral rondom  
en in my waai,  
maar deur jou nie gevang kan word nie

As vryheid my beskerm  
teen jou idees wat vir my te  
anders is

As vryheid vir my vandag so  
vanselfsprekend lyk, en jy nie  
weet wat dít beteken nie

Dan is vryheid munt vir my  
en kopaf vir jou  
Dan is vryheid lug en willekeurig

Maar staan dit my miskien wel vry  
om iets van my pragtige vryheid – met  
wedersydse instemming natuurlik –  
tydelik of op langer duur  
af te staan om jou  
van my verstikkende vryheid  
te bevry

‘baie ander mense’ of ‘baie koerante’ is. In strofe 8 het ek die ‘de’ behou, omdat dit – soos in die beginstrofes – meer spesifiek gaan oor die verhouding tussen die ‘ek’ en die ‘ander’, en dan beide as individue (let op die enkelvoudsvorm ‘bevrijdt’ na ‘de ander’).

Wat betref die ‘moedwillig’ in strofe 5 (reël 2) wat met ‘kwaadwillig’ vervang is, is ‘moedwillig’ (Afr. ‘moedswillig’) en ‘kwaadwillig’ in albei tale direkte sinonieme. Wanneer dit kom by vertaling is dit algemeen bekend dat daar nie eintlik iets soos ’n ‘volledige sinoniem’ bestaan nie. In hierdie verband speel betekenisassosiasies binne of buite die konteks van die gedig ’n belangrike rol. Vir my aanvoeling is ‘moed(s)willig’ iets minder formeel as ‘kwaadwillig’, in die sin van ‘Moet dan nou nie so moedswillig wees nie, jong!’ (vgl. die HAT). Omdat dit hier gaan om die ernstige saak van die vryheid van spraak wat sekere mense ontnem is, het ek ‘kwaadwillig’ gekies, omdat dit die idee van die kwade bedoelings sterker na vore bring.

Die volgende frase wat spesiale aandag geniet het, is ‘maar voor jou niet is vangen’ in strofe 9. Binne die konteks van die gedig kan dit op twee maniere verstaan word, naamlik ‘mag deur jou nie gevang word nie’ en ‘kan deur jou nie gevang word nie’. ‘Gevang’ verwys na die vryheid wat metafores soos ’n wind oral om en in die spreker waai. Ter uitbreiding van die metafoor het ek ‘gevang’ as ‘begryp’ of ‘vasgevat’ verstaan en dan werk die ‘kan’-opsie beter as die ‘mag’-interpretasie. Vandaar die ‘deur jou nie gevang kan word nie’ in die Afrikaanse vertaling. Maar ek twyfel steeds of dit nie beter sou wees om te volstaan met die meer letterlike vertaling van ‘vir jou nie te vang is nie’ en daarmee die dubbelbetekenis te behou nie.

In strofe 11 is dit belangrik dat die ‘dat’ van die laaste reël vertaal word as ‘dít’, naamlik met ’n aksentteken: ‘en jy nie/weet wat *dít* beteken nie’. Die ‘dit’ sonder die aksentteken sou in Nederlands lui: ‘en jij niet/ weet wat *het* betekent’ (my kursivering). Die aksentteken dui dus op ’n subtiele verskil wat maklik misgelees kan word.

Die treffende woordspel met die uitdrukking ‘kruis of munt’ in strofe 12 – ‘Dan is vryheid munt voor mij/ en kop eraf voor jou’ – kan danksy die Afrikaanse woord ‘kopaf’, gemaklik volgehou word, wat letterlik ‘sonder kop’ beteken. ’n Meer letterlike weergawe van die Nederlands sou seker iets wees soos ‘kop daar af’ of ‘af daar met die kop’; maar die ‘er-’ konstruksie (‘er’ as ‘daar’) kan in Afrikaans dikwels wegval (vgl. ‘Wat is er gebeur?’ teenoor ‘Wat het gebeur?’).

Die vreemde samevoeging van ‘riante vryheid’ verteenwoordig ’n soort metaforiese werking (soos met vryheid wat ‘waai’ in strofe 9), omdat dit twee woorde is wat nie gewoonlik met mekaar in verband gebring word nie. ‘Riant’ word verklaar as ‘bijzonder aantrekkelijk en ruim’, met ‘een riante uitzicht’ en ‘een riante villa’ as voorbeelde (Van Dale). ’n Vriend het destyds met ons aankoms in Nederland verduidelik dat baie Suid-Afrikaanse huise, wat vrystaande is met ruim tuine op groot erwe, in Nederland eerder ’n ‘villa’ as ’n ‘huis’ genoem word. Die metaforiese implikasies word verder gekompliceer deurdat daar nie ’n woord soos ‘riant’ in Afrikaans bestaan nie. Afrikaanse ekwivalente is ‘lieflike’ of ‘pragtige’; en laasgenoemde skakel klankmatig beter by die res van die vers in.

Die laaste frase waaraan ek definitiewe aandag gegee het, naamlik ‘voor langere duur’, is, sover ek kon vasstel, nie Nederlandse omgangstaal nie. Die uitdrukking ‘op den duur’ word gebruik vir wanneer iets lank duur. Die ‘voor langere duur’ is dus poëtiese taal. Om die vervreemdende effek van die Nederlandse ongewone uitdrukking in Afrikaans te behou, het ek die Afrikaanse uitdrukking ‘op die lange duur’ effens omvorm tot ‘op langer duur’, wat ook meer direk aansluit by die ‘langere’ duur soos dit in die Nederlandse gedig voorkom.

Die laaste drie reëls van die gedig kon, soos strofes 7 en 10, woord vir woord onproblematies vanuit die Nederlands na Afrikaans vertaal word. Dit het vir my ’n bevredigende afsluiting van die Afrikaanse weergawe gebied, omdat vertaling-as-interpretasie in die slotverse dus tot die minimum beperk kon word.

### Ten slotte

Terwyl al hierdie oorwegings in die loop van die vertaalproses hulle aan my opgedring het, het ek nie die ANNA tot my beskikking gehad nie. Ek sou eers die prys moes wen! Noudat sy wel in haar volle omvang en glorie op my rak staan, sal vertaling in die toekoms vanuit Nederlands en Afrikaans – en omgekeerd – makliker kan geskied. ’n Mens kan in dié verband ’n uitspraak van John Steinbeck in sy boek *A life in letters* – naamlik ‘I guess there are never enough books’ – effens aanpas deur te beweer: Vir die vertaler, of wie ook al in taal belangstel, kan daar nooit genoeg woordeboeke wees nie.

Maar die ANNA sal hopelik nie net ’n voordelige impak op vertaalprosesse tot gevolg hê nie. Marlene van Niekerk het op ’n

*“n Mens kan in dié verband ’n uitspraak van John Steinbeck in sy boek A life in letters – naamlik ‘I guess there are never enough books’ – effens aanpas deur te beweer: Vir die vertaler, of wie ook al in taal belangstel, kan daar nooit genoeg woordeboeke wees nie.”*

*“En wanneer ons in gedagte hou dat Afrikaans ook definitiewe invloed vanuit Nederlands-Indië ondergaan het, bring dit ons by nóg ’n leksikografiese uitdaging: ’n woordeboek of woordeboeke wat die oorspronge, ooreenkomste en verskille tussen Afrikaans en verwante tale uit Asië en Afrika noukeurig ondersoek en omskryf.”*

keer die versugting uitgespreek dat Afrikaans opnuut weer deur Nederlandse woorde en terme verryk sal word, in plaas van die anglisistiese oornames wat deesdae so gewild is. Nederlands het immers ’n groter aktiewe woordeskat as Afrikaans.

Ek sluit af met ’n persoonlike wens of ideaal: Ek sou baie graag sommige van die Nederlands-Indiese verhale van Maria Dermoût (1888-1962) in Afrikaans wou vertaal en so aan ’n breër publiek bekend stel. Dermoût het langer as 20 jaar in Indonesië gewoon en sy was veral bekend vir die outentisiteit waarmee sy die Indiese mites en Indonesiese folklore in haar verhale verwerk het. Sommige van hierdie simboliese motiewe toon merkwaardige ooreenkomste met die mitiese simboliek wat ook in Afrikaanse volksverhale neerslag gevind het (bv. Dermoût se wonderlange met juwele wat ’n rooi gloed afgee en die Waterslang van die Groot Gariep).

Maar daarvoor is waarskynlik nóg ’n geamalgameerde woordeboek nodig: een waarin die verwantskappe en verskille tussen ‘Europese’ Nederlands en die Nederlands van Nederlands-Indië noukeurig versamel en beskryf word. En wanneer ons in gedagte hou dat Afrikaans ook definitiewe invloed vanuit Nederlands-Indië ondergaan het, bring dit ons by nóg ’n leksikografiese uitdaging: ’n woordeboek of woordeboeke wat die oorspronge, ooreenkomste en verskille tussen Afrikaans en verwante tale uit Asië en Afrika noukeurig ondersoek en omskryf.

---

Marion Bloem’s poem has been translated into over 130 languages. See more at <http://www.facebook.com/freedombymarionbloem/info?ref=ts>. Some of the languages and translators that have worked on this poem already:

Ajádi in Sarnami by Jit Narain Baldewsingh  
 Fii in Saramakanian by Dorus Vrede  
 Freedom in English by Angela E. Roe  
 Freiheit in German by Jaap Bleeker  
 Freiheit in German by Kristian Goldmund Aumann  
 Fri in Sranantongo by Stanley `Sombra’ Slijngaard  
 Frihed in Danish by Tanja Rasmussen  
 Frihet in Norwegian by Kaj Sperrås & Nynke Meijer  
 Frihet in Swedish by Ola Saltin  
 Frijheid in Frysk by Jan Muizelaar & Gerben de Jong  
 Kabebasan in Sundanese by Hisyam Luthfiana  
